

19 Februarie 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 3

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Ekumeniese nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



**Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk  
Die Hervormer  
e-Hervormer

[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:  
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"  
Uit Johannes 13: 12

## VOORBLAD

### Vind God – vind vrede en vreugde

Dalk kan ons die oorsprong van bemerking terugvind in die begin van die Christendom. Christene het, van die uitstorting van die Heilige Gees af (Handelinge 2), spontaan aan almal om hulle vertel van die lewe, sterwe en opstanding van die Here Jesus Christus. Paulus en ander Christene het die wêreld deurkruis met die oortuiging dat *alle* mense die boodskap van verlossing moet hoor. Die groei van die kerk, glo ons, was moontlik danksy die werk van God se Gees en die mees effektiewe vorm van bemerking: persoonlike getuienis (*word of mouth*).

2 000 jaar later het bemerking en die advertensiewese 'n magtige bedryf geword wat mense se denke, waardes en gedrag diepgaande beïnvloed. En nou vertel onlangse mediaberigte vir ons hoe die advertensiewese téén die Christendom gebruik word. Aan die einde van 2008 het ateïstiese groepe in Engeland begin om groot advertensies op openbare busse te plaas wat lui: *There's probably no God. Now stop worrying and enjoy your life.*

Hierdie ateïstiese advertensieveldtog het intussen ook al na ander lande versprei. Dit het ook 'n volgende laag advertensies van Christelike groepe ontlok, sodat die busbedryf nou skielik die gevegsterrein geword het waarop gelowige en ongelowige mekaar met woorde die stryd aansê!

Dalk is 'n mens se eerste spontane reaksie skok. Ons is nie daaraan gewoond dat mense ons geloof in die openbaar en met publieke advertensies aanval nie.

Dalk is 'n mens se volgende reaksie om net meer Christelike advertensies te wil plaas. Terwyl die advertensie maatskappye en busagentskappe breed glimlag oor al die geld wat hulle nou uit albei oorde ontvang.

Daarom is dit dalk beter om te onthou dat daar deur al die eeue mense was wat ons geloof as selfbedrog probeer afmaak het. Wat ons nou beleef, kom net na ons toe op 'n onverwagte manier.

En belangriker: die effektiefste manier om daarop te reageer, is nie met betaalde advertensies nie. Nie met dooie letters op koue busse in mistige strate nie. Nee, ons moet daarop reageer met wat na al die eeue steeds die mees effektiewe vorm van bemerking is: persoonlike getuienis! Want ons sal iemand nooit met advertensies van God se bestaan oortuig nie.

Nee, ons oortuig mense net as ons met ons woorde en gedrag wys dat God ons lewens verander het, en dat ons verstaan hoe Christus ons leer liefhê en dien het. As ons die Heilige Gees vertrou om ons onsekere, stamelende, persoonlike getuienis te omskep in die kragtigste saad vir die groei van die kerk op aarde.

Iemand wat God ken, is tog juis nie bekommerd nie. Iemand wat God ken, ervaar tog juis vrede en vreugde is sy lewe. Praat daarom oor jou geloof! Want ons ideaal is tog dat *alle* mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld!

Luister ook op die internet:

[http://www.sagemeente.com/Media/Player.aspx?media\\_id=26300&file\\_id=28664](http://www.sagemeente.com/Media/Player.aspx?media_id=26300&file_id=28664)

Dr Wouter van Wyk  
Sekretaris: SENTIK



## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

### Beroep ontvang

**Ds Jaco Vogel** van Heidelberg na Swartkop.

**Prop Francois Evert** na Declercqville.

**Ds Johann Mouton** van Ventersdorp na die Kurumankombinasie.

### Beroep aanvaar

**Dr Barry van Wyk** van Springs (deeltyds) na Waterberg-Wes.

### Vakante standplase

**Gemeente Pretoria-Oos** wag aansoeke in van potensiële kandidate om hul vakante **volsorgstandplaas** te vul. Die gemeente bestaan uit 730 siele, van wie 48% jonger is as 50 jaar, 33% tussen 50 en 70 jaar, en 19% ouer as 70 jaar. Eredienste vind elke Sondag om 09:00 en 19:00 plaas, asook maandeliks by die ouetehuse wat binne hul gemeentegrense val. Die oggenddienste is oorwegend tradisioneel, en die aanddienste kan met alternatiewe liturgiese vorme ingeklee word.

Die suksesvolle kandidaat sal oor 'n bewese rekord en voldoende ervaring beskik om kreatief en selfwerksaam te kan wees (ongeveer 15 jaar in die bediening), en oor goeie bestuursvermoë om vergaderings, administratiewe prosesse en die finansiële belange van die gemeente te kan bestuur. Hy of sy moet ook 'n goeie pastor wees wat graag huisbesoek doen, asook wyksbyeenkomste en gespreksgeleenthede fasiliteer, en bereid is om siekes tuis en in hospitale te besoek. Kandidate moet bereid wees om 'n erediens in die gemeente te kom lei en 'n gesprek met die beroepskomitee te voer.

Aansoeke met 'n volledige CV moet die skriba **voor of op 15 Maart 2009** bereik by Posbus 36318, Menlopark 0102, of elektronies by [ptaos@nhk.co.za](mailto:ptaos@nhk.co.za). Die Kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Navrae kan gerig word aan oudl Tom Moodie (voorsitter: ouderlingevergadering) by 082 553 8765, of oudl Roelf Coertze (skriba) by 082 908 3368.

**Gemeente Oudtshoorn** beskik tans oor 'n vakante deeltydse standplaas. Predikante en emeriti wat graag daar wil werk, kan die skriba, Antoinette Olivier, kontak by 084 955 3106, of die konsulent, ds Ferdie Nortjé, by 044 871 2125 / 083 469 6862.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

**Ds Dirk du Toit** het op Sondag 15 Februarie sy 60ste ampsjubileum gevier saam met Gemeente Alberton-Wes, waar hy voorheen predikant en sy vrou orrelis was. Hulle is steeds lidmate van die gemeente. Ds Du Toit is in Februarie 1949 as predikant georden in Gemeente Heilbron. Hy het die gemeentes Heilbron, Noord-Rhodesië, Marble Hall, Noordrandkombinasie, Florida, Belfastkombinasie, Tzaneen, Delarey en Alberton-Wes bearbei, en het op 31 Mei 1989 emeritaat aanvaar.

**Ds Piet Steenkamp**, wat onlangs 'n hartoorplanting ondergaan het, ontvang intensiewe medikasie om die verwerping van die nuwe hart teen te werk. Sy immuunstelsel word geweldig onderdruk, en daarom kan hy nie ongekontroleerd besoekers ontvang nie. Veral persone wat verkoue of enige ander siektesimptome onder lede het, mag hom nie besoek nie. Die Kerk bid vir hom en sy gesin.

In die volledige weergawe van die *e-Hervormer* is 'n foto van **ds Johann de Bruin** en sy gesin. Hy is op Sondag 11 Januarie in Gemeente Wonderboompoort bevestig deur ds Annerie Conradie. Op die foto is, van links na regs, ds Conradie, mev Janeke de Bruin met Taneli (4), en ds De Bruin. Voor is Madeli (8).

**Ds Peet Swanepoel** en twee lidmate van Gemeente Derdepoort vertrek op Donderdag 19 Februarie na Harare om die lidmate te besoek. Sondagoggend sal ds Swanepoel die erediens waarneem, en die aand 'n erediens in die Laeveld lei. Kosvoorrade word voorsien deur gemeentes van die Kerk en 'n aantal individue wat ruimskoots bydra. Verskeie gemeentes maak so 'n besoek van hulle predikant aan Zimbabwe 'n jaarlikse gemeenteprojek. As daar uiteindelik 24 gemeentes sou wees wat dit doen, sal die besoeke en voedingsprojek vanself voortgaan.

**Ds Nico van Rensburg** het aan die einde van 2008 sy werksaamhede by gemeentes Dordrecht en Queenstown afgesluit. Hy het vir twee lang skofte by die gemeentes gewerk, met die toestemming van die Kommissie van die Algemene



Kerkvergadering (AKV). Ds Van Rensburg het verlede jaar sy 50ste ampsjubileum gevier en is steeds bereid om hulp te verleen aan 'n gemeente in die omgewing van Pretoria.

**Ds Pierre Jacobs**, beroepafwagende predikant, werk tans op kontrakbasis as geswore waardeerder in Riaad, **Saoedi-Arabië**. Alhoewel die Christelike godsdiens nie in die land beoefen mag word nie, is daar tog geleentheid vir ds Jacobs om Christene by die Suid-Afrikaanse ambassade te bearbei. Hy versoek dat inligting oor lidmate van die Kerk en ander kerke wat in die Koninkryk van Saoedi-Arabië vertoef, aan hom deurgegee word. Sy e-posadres is [pjacobs@colliers-me.com](mailto:pjacobs@colliers-me.com)

**Ds Stephan (Oppies) Opperman** werk reeds geruime tyd in **Afganistan** en behartig 'n e-bediening. Waar moontlik hou hy ook eredienste. Indien daar familieleden van lidmate is wat daar woon en werk, kan hul inligting aan dr Fanie Pretorius deurgegee word by 012 322 8885.

**Ds Jackie Dippenaar**, voorheen predikant van Johannesburg-Wes belas met studentebearbeiding by die Universiteit van Johannesburg (voorheen RAU), is van haar standplaas losgemaak nadat die dalende studentegetalle die voortbestaan van die bearbeiding onmoontlik gemaak het. Sy is tans beroepbaar in die Kerk en sou graag in die Pretoria-omgewing hulp wou aanbied.

Die volgende **predikante verjaar tot 25 Februarie** en word hartlik geluk gewens:

- Donderdag 19 Februarie: Di Petri de Kock, Herman Gothan, Pieter Smith en dr Ernst Wolff
- Vrydag 20 Februarie: Ds Nick Maré
- Maandag 23 Februarie: Dr Estelle Dannhauser en emeritusprof Wouter van Wyk
- Dinsdag 24 Februarie: Di Jan Prinsloo en André Ungerer
- Woensdag 25 Februarie: Ds Hennie Aucamp

Ds Theuns Botha van **Gemeente Ottosdal** skryf dat hul gemeente besig is om te reël dat die hoërskoolkinders van Gemeente Harare gedurende hul Aprilvakansie in Suid-Afrika kom kuier. Twee van die kinders wil volgende jaar na hul matriekeksamen by UP kom studeer. Hulle sal geleentheid kry om op die kampus die nodige inligting te bekom. 'n Weldoener het verblyf aangebied by 'n vakansieoord naby Hazyview, en indien fondse dit toelaat, sal hulle die kinders ook Kaapstad toe neem. Die kinders sit vakansies tuis en het bitter min om te doen. Ds Botha vra dat die gemeentes wat reeds finansiële bygedra het tot die projek, van harte bedank word. Miskien sou gemeentes ook 'n deurkollekte wou oorweeg vir hierdie saak. Bydraes kan gemaak word aan die volgende rekening: Hervormde Kerk Ottosdal; ABSA Ottosdal; rekeningnommer 208 058 0021; takkode 334538; verwysing op inbetaling Zim-kindere. Faks die inbetaalstrokie na 086 502 9856 met die gemeente of donateur se volledige besonderhede, sodat 'n kwitansie uitgereik kan word. Navrae kan gerig word aan ds Botha by 082 928 3688 of per e-pos na [camelhors@gmail.com](mailto:camelhors@gmail.com)

**Gemeente Oos-Moot** bied op Sondag 1 Maart 'n **Woord- en Lieddiens vir Paastyd** saam met **Rina Hugo** aan in die kerkgebou by Collinslaan 1265, Môregloed, Pretoria. Die deurkollekte gaan vir die Christelike Seemansorganisasie. Na afloop van die erediens sal lidmate geleentheid kry om vir iemand op see 'n boodskappie in Engels te stuur. Vir meer besonderhede, skakel die skriba, Klaas Botha, by 082 775 3725 of prof Biëks Beukes by 072 036 4960.

Die Christelike Seemansorganisasie is in 1944 gestig. Daagliks verkondig sewe voltydse evangeliedienaars en werkers in vyf Suid-Afrikaanse hawens die evangelie aan die bemanning van besoekende skepe, en versprei hulle Bybels en ander Christelike lektuur. Jesus se verlossende, vertroostende genade is vir hierdie mense hul enigste troos gedurende maande op see weg van hul huise en geliefdes.

George Marais van **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** het laat weet dat hulle die tweedehandse rooiletter elektroniese liedjebord aan Gemeente Pretoria-Wes geskenk het. Die bord is dus nie meer te koop nie en is nou waar dit werklik nodig is.

Die e-posadres van die sekretariële beampte en skriba van **Gemeente Kruin** is [kruin@sentechsa.com](mailto:kruin@sentechsa.com) en nie [kruin@sentechsa.net](mailto:kruin@sentechsa.net) nie. Wysig die adres asseblief op bladsy 122 van die nuwe *Almanak*.

Gedurende 2008 het die Komitee vir die Argief, SP Engelbrecht-museum en Biblioteek 'n versoek aan gemeentes gerig om te help met die opstel van 'n **kultuurerfenis-inventaris** en 'n beskrywing te gee van kerkgeboue en ander voorwerpe van kerkhistoriese belang. Die doel is om 'n bewaringsbewussyn te wek en verantwoordelik toe te sien dat kerkhistoriese skatte nie verlore gaan nie. Die waarde van ons kerkhistoriese geboue, -voorwerpe en ander Afrikaner-kultuurhistoriese voorwerpe word nie in rand en sent gemeet nie, maar berus op die betekenis daarvan vir die gemeentelid en die Kerk. Net 15 gemeentes het aan die versoek voldoen. Daar is met dank kennis geneem van gemeentes wat ook die historiese faset van die gemeente se gang bewaar, soos gemeentes Naboomspruit, Roosnekal en Chrissiesmeer.



Dit sal die argivaris van die Kerk se taak aansienlik vergemaklik as aandag gegee kan word aan die versoek. Kerkrade van gemeentes moet asseblief die pro forma-dokumente voltooi en dit stuur aan [argief@nhk.co.za](mailto:argief@nhk.co.za) of die Argivaris, Posbus 2368, Pretoria 0001.

Volgens 'n besluit van die AKV is predikante verplig om die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se Voortgesette Toerusting by te woon. Die twee VTT-geleenthede vanjaar is **2-3 Junie** en **10-11 November**. Dit vind plaas in die kerkentrum van Gemeente Villieria, en die tema is *Persoonlike vaardighede* (byvoorbeeld konflikthantering, beïnvloeding en emosionele intelligensie). Laat weet **mev Betsie Brits** asseblief **voor 26 Mei** indien u die geleentheid in Junie wil bywoon. Enige navrae kan ook aan haar gerig word, by 012 420 5393, faks 012 420 4303 of [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za).

## ANDER NUUS

**Mev Brenda Potgieter**, wat jare lank die sentrale by die Kerkkantoor beman het en aan die einde van 2005 afgetree het, het verlede week 'n ernstige hartaanval gehad. Sy sterk nog aan in die hospitaal en die Kerk se voorbidding word vir haar gevra.

Die besoek van 'n afvaardiging van die **World Alliance of Reformed Churches (WARC)** is gefinaliseer vir 6 Maart om 14:00. Die Kommissie van die AKV en die Raad vir Ekumene sal die afvaardiging te woord staan. Op versoek van die Kommissie het die Raad vir Ekumene 'n gespreksdokument voorberei wat vooraf aan die afvaardiging beskikbaar gestel sal word. Die dokument word op 19 Februarie deur die Kommissie gefinaliseer. Dit sal ook aan ouderlingevergaderings en predikante beskikbaar gestel word. Twee memorandumms oor die gesprek en die geskiedenis van die Kerk met die WARC, die een van die Raad vir Ekumene en die ander van dr Malan Storm, is op die webblad geplaas vir kennisname.

**Ds André Ungerer**, predikant van Gemeente Klerksdorp-Doringkruin, het so pas ingestem om die subredakteur van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer* te wees. Hy het voorheen die gemeentes Wesmoot (sedert 1988) en Welgelegen-Pietersburg (sedert 1992) bedien, en is sedert 2004 by sy huidige gemeente. Hy studeer tans in die veld van gemeentebou. Ds Ungerer sal veral sterk betrokke wees by die *e-Hervormer*.

## BAIE BELANGRIK!

Daar word tans noodsaaklike instandhouding gedoen in die **Kerk se Argief** in die Dirk van der Hoffgebou. Gemeentes word opnuut versoek om **nie voor 23 Maart** enige argiefstukke na die Argief te bring nie, aangesien dit nie nou ontvang kan word nie. Dit sal ook waardeer word indien besoekers vooraf met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by 012 322 8885 in verbinding sal tree voordat hulle die Argief besoek. Navorsers sal nie in hierdie stadium toegang tot die Argief kan kry nie.

Die volgende belangrike **vergaderings** vind tot 25 Februarie plaas:

### **Donderdag 19 en Vrydag 20 Februarie**

- Buitengewone vergadering van die Kommissie van die AKV

### **Donderdag 19 Februarie:**

- Bestuur van Ons Tuis

### **Vrydag 20 Februarie**

- Finansiële Komitee van Die Ondersteuningsraad

### **Saterdag 21 Februarie**

- NHSV Hoofbestuur

### **Maandag 23 Februarie**

- Raad vir Erediens
- Komitee vir Kerkmusiek

### **Dinsdag 24 en Woensdag 25 Februarie**

- Tussenkerklike Raad (TKR)

### **Woensdag 25 Februarie**

- Redaksie van die *Almanak*



Die Boekwinkel by die Kerkkantoor het besluit om ou boeke wat nie meer in aanvraag is nie, af te skryf. Dié boeke word tans uit die winkel verwyder, en enigeen wat belangstel om gratis kopieë te kom afhaal, is welkom om dit voor die einde van Februarie te doen. 'n Volledige lys van boeke wat afgeskryf word, kan bekom word van die Sekretaris: SENTIK by [wouter@nhk.co.za](mailto:wouter@nhk.co.za).

## Nuus uit Die Ondersteuningsraad

Die Ondersteuningsraad loods vanjaar van **25 tot 31 Mei** 'n nasionale bewusmakingsprogram oor die regte van kinders. Dié **Kinderbeskermingsprojek** sal die vorm van 'n **fotografiekompetisie** aanneem waar persone (volwassenes en kinders) hul siening van kinderverwaarlosing moet uitbeeld.

Daar sal drie kategorieë wees, wat laer- en hoërskoolleerlinge sowel as volwassenes insluit. Pryse vir die drie beste foto's in elke kategorie kan gewen word ('n totaal van 9 kontantpryse). 'n Totale bedrag van **R11 000** word benodig om die onkoste en prysgeld vir die projek te dek. Dit sluit in R2 000 vir elk van die drie eerste plekke, R1 000 vir elk van die drie tweede plekke, en R500 vir elk van die drie derde plekke.

'n **Dringende versoek word gerig vir kontantskenkings wat aangewend sal word vir die pryse in elke kategorie.** Navrae kan aan dr Charmaine Fourie gerig word by **012 322 888 / 071 684 7796 / [oraadpb@nhk.co.za](mailto:oraadpb@nhk.co.za)**.

\*\*\*\*

Die Raad ondervind steeds 'n groot behoefte aan **skoolbenodighede vir kinders**. Vanweë die swak ekonomiese toestande kan ouers nie meer self aan dié behoefte voldoen nie. Kontak Adri Bekker van Die Ondersteuningsraad by 012 325 2320 of 083 979 5517 as u kan help.

\*\*\*\*

Die Raad benodig dringend 'n persoon wat op **vrywillige** basis (as deel van sy/haar bydrae aan die Kerk) as **webmeester** die nodige verantwoordelikheid sal neem vir die instandhouding van hul nuwe webblad. Belangstellendes kan dr Charmaine Fourie kontak by 012 322 8885 of 071 684 7796, of per e-pos by [oraadpb@nhk.co.za](mailto:oraadpb@nhk.co.za).

\*\*\*\*

Die Ondersteuningsraad se kantoor in **Krugersdorp** bedank graag die ring van Krugersdorp en Gemeente Magaliesburg vir die skenking van skryfbehoeftes. Dit is uitgedeel aan die kantoor en omgewing se behoeftige kinders om die nuwe skooljaar met die nodige te begin.

Die kantoor bied tans die Gesinsherenigingsprogram (FRP-program) aan wat tien kliënte van die kantoor betrek. Die doel is om gesinne en gesinsverhoudings te versterk. Sedert die kursus in Januarie vanjaar begin het, het die fasiliteerder, Frieda du Bruyn, baie aandag gegee aan vertroulikheid onder mekaar, hul behoeftes as ouers, hul ouerlike styl, persoonlike sterktes en innerlike kragte. Die vier modules is soos volg ingedeel:

- **Module 1:** Aandag word gegee aan ouers se eie lewens, hoe dit verloop het en hoe dit bygedra het tot hul huidige gesinslewe.
- **Module 2:** Aandag word gegee aan die behoeftes van kinders, wat 'n kind van sy ouers benodig, en hoe daar in hierdie behoeftes voorsien kan word.
- **Module 3:** Aandag word gegee aan die ondersteuning wat ouers benodig en watter hulpbronne beskikbaar is.
- **Module 4:** Evaluering vind plaas ten opsigte van wat elke groeplid se gesin benodig en hoe dié doelstelling bereik kan word.

Die vier modules word ingedeel in 10 sessies van drie uur elk en vind plaas op Saterdag by die kantoor van Die Ondersteuningsraad in Krugersdorp. Kontak Frieda du Bruyn by 011 953 1200/1 vir meer inligting.



Die **Suid-Afrikaanse Kerkerelistevereniging (SAKOV)**, Vrystaatstreek, hou hul byeenkoms vroeg in Mei by die NG Kerk Onze Rust in Bloemfontein. Die program bestaan uit die volgende:

**Vrydagaand 8 Mei om 19:00**

Orrelkonsert deur Christiaan Carstens. Toegang is gratis, maar kollekte sal opgeneem word.

**Saterdag 9 Mei om 08:00**

Christiaan Carstens van Humansdorp praat oor *Klein kerkkoor of kantory. Die aanwending van 'n klein sanggroep in die erediens.*

Daar sal ook 'n werkwinkel wees vir predikante/musiekleiers/eredienswerkgroepe en ander belangstellendes oor die samestelling van die liturgie vir 'n erediens. Kort inleidings van liturge van die drie susterskerke, asook van 'n predikant uit die Anglikaanse Kerk, en 'n aanbieding oor die sogenaamde *Generasie X* word gedoen, met die oog op die verskillende ouderdomsgroepe in 'n gemeente. Vanjaar is ook Calvynjaar, en daarom sal spesifiek verwys word na die aanwending van die Psalms.

Skakel Annalie Praekelt by 082 291 4176 of Johan Nel by 083 400 0267 om aan te dui hoeveel persone uit u gemeente die byeenkoms gaan bywoon.

\*\*\*\*\*

Oudstudente in die Nuwe-Testamentiese Wetenskap en almal wat belangstel in die stand van die Nuwe-Testamentiese navorsing word uitgenooi om deel te word van 'n **Nuwe-Testamentiese Studiegroep** onder leiding van prof Andries van Aarde. Kontak dr Gert Malan by [gertmalan@telkomsa.net](mailto:gertmalan@telkomsa.net) met die oog op deelname aan die groep wat twee gespreksgeleenthede per jaar beplan.

## **EKUMENIESE NUUS**

### **Jeuggroepe werk saam in Nederland**

Vir die volgende ses jaar gaan twee organisasies die jeugbediening binne die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) deel. In 2005 het die PKN besluit dat jeugwerk binne die kerk gedoen word deur JOP (Jeugdorganisatie van de PKN). In daardie stadium was daar ook 'n ander groep wat met jeugwerk gemoeid was, bekend as die Hervormde Gereformeerde Jeugdbond (HGJB). Die HGJB het gekom uit die meer ortodokse groeperinge binne die PKN en was afkomstig van die Nederlandse Hervormde Kerk, een van die kerke wat saamgesmelt het om die PKN te vorm.

Die nuwe ooreenkoms laat toe dat beide JOP en die HGJB die gemeentes van die PKN bedien. Gemeentes kan versoek dat óf die HGJB óf JOP binne die gemeente werk as amptelike diensorgaan van die PKN. Harm van Wijnen, die direkteur van die HGJB, het die afgelope twee jaar gedien as adviseur vir JOP. Sedert Januarie is Van Wijnen die programbestuurder vir jeugwerk binne die PKN. Beide diensgroepe sal egter hulle eie identiteit behou.

Van Wijnen het gesê dat die PKN 'n breë en 'n sterk kerk is. *Dit is goed dat elkeen sy of haar eie plek kan vind en kan saamwerk met ander van buite jou eie identiteit. Dis hoe ons daaraan vorm kan gee om in hierdie tye kerk te wees*, het Van Wijnen gesê.

Bron: **REC News Exchange, Vol 46 Nr 1, Januarie 2009**

## **KOMMENTAAR**

### **Die redaksie ontvang steeds kommentaar op die nuwe voorkoms van die e-Hervormer:**

“Baie geluk aan almal met die voorkoms, inhoud en uitleg van die ge-botoxde e-Hervormer... Dis net so mooi soos Helen Zille se nuwe voorkoms!”

**Ds Etienne Fourie, Gemeente Kempton**

“Baie dankie vir die weeklikse e-Hervormer. Dit is na vorm en inhoud puik. Dit bring jou elke week op die voorstoep van die Kerk, van Londen tot in Kaapstad. Dit was veral vir ons besonder waardevol toe ons 'n tyd lank in Zambië gewerk het. Dit is nodig dat gemeentes opgeroep word om dit elke week by elke lidmaat te laat uitkom. Ek dink veral aan die lidmate in verafgeleë plekke en die Kerk se pensioenarisse. Mag die Here die redaksie die genade gee om op dieselfde pad voort te gaan.”

**Prof Bieks Beukes, emeritus**



“Is dit nie wonderlik om die *e-Hervormer* te kan lees enige plek in die wereld nie!”

**Gerrie en Marie van Heerden**

“Baie dankie vir die volledige *e-Hervormer*. Die foto's druk nogal mooi uit en dit neem ook nie te lank om af te laai nie. Voeg by alle foto's so ver moontlik 'n nommer om elders die byskrif te plaas as dit nie by die foto kan nie. Moenie teks op gekleurde agtergrond plaas nie. Swak en ouerige oë kan dit nie altyd maklik lees nie.”

**Prof Hennie van der Westhuizen, emeritus**

## ADVERTENSIES

Die *e-Hervormer* plaas graag advertensies vir produkte of dienste wat 'n private individu of instansie teen betaling aanbied. Adverteerders moet asseblief op die volgende sake let:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en die redaksie behou die alleenreg voor om die uitleg van die advertensie te bepaal.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za), of per faks na 086 630 5153. Geen advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. Daar kan 'n maksimum van drie agtereenvolgende plasinge wees, of afgebroke een plasing per maand.
- Die koste is R100 per plasing, vir 'n maksimum van 50 woorde per advertensie.
- Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

Raad van Finansies  
ABSA Bank  
Tjekrekening nommer 020-000-287  
Takkode 632-005  
Verwysing: SENTIK Ads

## AGTERBLAD - *Konteks* pleit vir stilte

**Die Maart-uitgawe van *Konteks* het pas verskyn. Die voorblad spreek van stilte. Die afwesigheid van kleur, die bykans somber aard, bring afwisseling, bring stilte in die gejaagdheid.**

Dr Wian Kloppers, redakteur, verduidelik:

*Stilte... Dit is wat ons nodig het. Soos die afwisseling in seisoene 'n ritme aan ons lewens gee, so gee die verskillende tye in die Kerkjaar 'n ritme wat die polsslug van ons geloofslewe vorm. Die verskillende tye bied telkens geleentheid tot nadenke – en nadenke bring nuwe perspektiewe.*

*In die huidige samelewing is daar min tyd vir nadink. Miljoene indrukke word daagliks aan ons opgedring. Flitsende beelde, ontwerp om aandag te trek, reën op ons neer, saam met meedoënlose klanke wat ons oorweldig.*

*Daarteenoor bring die Lydenstyd stilte. Stilte vir nadenke. Stilte om te kan oorleef. 'n Mens moet inasem om weer te kan uitasem.*

*Dit is dan jammer dat die Lydenstyd as 'n tyd in die Kerkjaar met tipiese eienskappe soos ingetoënheid, stilte en nadenke nie voluit benut word om aan ons mense nuwe perspektief te gee nie.*

By hierdie uitgawe is ook 'n besondere bylaag ingebind oor die Kuratorium wat vanjaar 100 jaar oud is. Prof Bart Oberholzer was die redakteur daarvan. Daarin word die verhaal vertel van die ontstaan van die Kuratorium, en die denke agter die Hervormde Kerk se keuse om sy predikante aan 'n universiteit, en nie aan 'n kweekskool nie, te laat oplei.

\*\*\* Kontak mev Cecile Naudé van SENTIK by 012 322 8885 of stuur 'n e-posboodskap aan [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za) indien u op die tydskrif wil inteken. U kry 10 uitgawes teen slegs R110.

Ons droom is  
dat alle mense  
in Jesus Christus sal glo  
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Prof Piet Geyser  
Subredakteur: Dr Gerhard Lindeque  
Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann  
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse